## 12 Mei - HEILAND

**Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7**
**Fokusgedeelte: Jesaja 43:3**

Juda was stokdoof toe die Here hulle tot bekering geroep het. Juda was blind vir die Here se voortdurende liefdessorg. Daarom is hulle nou gevangenes in Babel, vasgevang in die vuur, spartelend in bruisende watermassas. En tog verstoot die Here hulle nie vir altyd nie. Néé ... Hy bring 'n boodskap van hoop:

- Israel ... dit is Ék, die Here, wat julle oupa-oupagrootjie Abraham in die vreemde gaan roep het. Dis Ék, die Here, wat julle as volk gevorm het ... in Egipte en in die woestyn en in die beloofde land! Maar dis ook Ék wat julle verlos het, losgekoop het, die prys vir julle betaal het. Daarom sê Ek vir julle: Julle is Myne ... ja ... Mý eiendom.
- Maar ... Ék is ook júlle God. Ek het by Sinai gewys Ék is die Heilige van Israel, júlle Here wat in staat is om julle wonderbaarlik te red. Ja, Ék is júlle Redder, júlle Heiland.

HEILAND – dis iemand wat intree wanneer jy nie jouself kan help nie; iemand wat wonders doen om jou te red (soos om die Rooi See droog te lê); iemand vir wie geen prys te hoog is om te betaal sodat Hy sy kosbare skat kan laat leef nie.

Dis Wie die Here is: Heiland, Redder. Hy was dit nog al die jare, al die eeue, al die millenniums. Hy is dit vandag en Hy sal dit altyd wees. Want in Jesus Christus het Hy finaal gesê: Ek betaal die hoogste prys, Ek gee my Seun se lewe sodat sondaarmense, goddeloses, kan lewe (Rom 5).

Vir Juda het dit beteken dat hulle nie in die watermassas sou verdrink nie en nie deur die vuur geskroei of gebrand word nie. Hulle sou uit gevangenskap bevry word en teruggebring word na Jerusalem, na die beloofde land.

Vir my beteken dit: Ek is gekoop! Jesus Christus het duur vir my betaal! Ek is 'n kosbare skat; nie van myself nie, maar van Jesus Christus. Ja, met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, behoort ek aan my getroue Verlosser, Saligmaker, Heiland, Jesus Christus! Ek leef getroos: Jesus is my Heiland!

*Sing: Skrifberyming 11-2:1-4* *Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)*